

Die belofte van iets beter

Teks: 1 Korinthiërs 15: 35 - 58 & Sondag 18
Teksvers: 1 Korinthiërs 15: 37

1. Inleiding

In vanoggend se leediens fokus ons verder op die lewe na die dood. Waar verlede Sondag se fokus op die opstanding van Christus uit die graf gefokus het, fokus ons vanoggend op die hemelvaart daarna. Want Christus het tog met 'n rede uit die graf opgestaan. Hierin lê natuurlik oudergewoonte ook vir ons troos. Want troos in immers steeds die kern eienskap van die kategismus.

Maar waar dinge dieselfde is, is dit ook anders in vanoggend se preek. Want waar ons verlede Sondag op die lewe na die dood gefokus het, fokus ons vanoggend op die liggaam na die dood. En dit is dan net daar waar dinge weer dieselfde raak. Beide liggaam en lewe is beter aan die anderkant van die dood wat ons hier op aarde ervaar. Die liggaam gee tog as 'n ware vir lewe 'n manier, 'n adres om voort te bestaan.

Maar dit is vandag se gedeelte en spesifiek ook ons teksvers weer gefokus op verskille. Veral wanneer ons met die liggaam besig is. Die liggaam in die hemel lyk nie dieselfde as die liggaam wat ons hier op aarde ken nie. En in 'n tyd van 'n pandemie. Is 'n mens eintlik nogal verlig om te hoor dat die hemelse liggaam beter is en nie onderworpe aan siekte gaan wees nie.

Dit is waar ons ook vanoggend in ons teksgedeelte aansluit by Paulus. Paulus verduidelik aan mense die nuwe liggaam in die hemel. Maar dan ook in besonder die band tussen die nuwe en ou liggaam. Sonder om hierdie preek 'n natuur lesing te maak, kan ons baie leer uit die vergelyking. Die idee van saai en oes is immers basies tot meeste mense. In die Geestelike wêreld werk dit soos volg.

2. Die veerkragtigheid van die saad

Ons kon in hierdie eerste hoofpunt ook gekyk het na die verganklikheid van die saad. Want in ons teksgedeelte word daar ook sterk klem gelê op die verganklikheid van die menslike liggaam. Dit is tog duidelik as ons aan die idee van begrawe dink. 'n Mens begrawe iets in die

grond omdat dit gesterf het of nog gaan sterf. Die begrafnis beperk die ruike en ander gesondheids risiko's wat ontbinding kan inhou.

En hierdie idee van die saad wat moet sterf is nie uniek aan Paulus nie. Jesus sê immers self ook in Johannes 12:24 oor sy eie dood die volgende: "24Dit verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in." En juis hierin sien ons die geheimenis van saad. Want daar waar saad eintlik as dood in die grond agtergelaat word, juis daar begin nuwe lewe.

Hierdie lewe is nie net nuut nie, dit is beter groter, meer indrukwekkend. Dit is tog hierdie beginsel wat die basis vir kommersiële saaiboerdery vorm. Die waarde wat daar in die saad lê verseker in saaiboerdery omgewings dat dit baie werd is. Daar kan in ekonomiese taal gepraat word van die toekoms waarde van die saad. Ook op 'n biologiese en botaniese manier weet ons dat baie van die eienskappe van die finale plant mikroskopies ingebed lê, in die DNS van die saad. Dit is immers iets wat die leefwêreld van Paulus al goed verstaan het. Hy praat in ons teksvers van koring saad en die volgende vers verwys hy na saadsoort en eie gestalte.

Dit is uiteindelik die verband tussen die aardse en hemelse liggaam. En daarom is die aardse liggaam nie sommer vir ons waardeloos nie. Net soos 'n boer goeie saad versigtig oppas en bewaar, net so kyk ons na ons eie liggame. Eintlik kan ons dit sien as deel van die algemene openbaring, uit die boek van die natuur leer ons dat mense meestal hulle liggame oppas, of ten minste weet dat hulle dit eintlik moet doen. Ja selfs ongelowiges getuig onwetend van die veerkragtigheid van die liggaam, wanneer hulle so goed daarna kyk. Maar ons as gelowiges kan die volle veerkragtigheid verstaan, omdat Christus opgestaan het en na die hemel opgevaar het.

3. Die hoop in die saai proses

Wanneer daar op 'n plaas gesaai word, dan is daar 'n soort opgewondenheid. Daardie opgewondenheid wat ons ook sien wanneer 'n nuwe sakeonderneming

of projek aangepak word. Want weens die veerkragtigheid van die saad en die tyd en moeite is daar 'n toekoms verwagting. Daar word met hoop uitgesien na die finale oesdag, wanneer die volle opbrengs ingesamel gaan word.

Hierin sien ons die kontras tussen 'n begrafnis en die saai van saad. Want met 'n begrafnis is mense hartseer en besig om te treur. Maar dit is juis die punt van ons teksvers en dit wat ons in Vraag 49 van Sondag 18 bely. Christus het die begrafnis kom verander in 'n saai geleentheid. Want die liggaam wat nou begrawe word wanneer ons begrafnis hou, is nou die saad van die ewige verheerlikte hemelse liggaam.

Dit het gebeur omdat Christus die houvas wat die dood op hierdie aardse liggaam gehad het, verbreek het. As bewys hiervan het Jesus self opgestaan, en ook opgevaar na die hemel. Toe Christus uit die dood opgestaan het en verskyn het aan die mense voor Sy hemelvaart het Hy al iets van hierdie verheerlikte liggaam geopenbaar.

En al is die deur vir ons op 'n skrefie oop, weet ons dat die dood nie die einde is nie. Ons het die hoop dat wanneer ons aardse hart die dag ophou klop, dan gaan die liggaam verander, verheerlik word. Duidelik is die hoop nie maar net dat die lewe aanhou vir die gelowige nie, maar dat die lewe beter word. Daarom is die hoop van saai proses dat die liggaam nie maar net bloot voortbestaan nie, maar beter is, verheerlik is. Ons het dieselfde opgewonde hoop oor ons verheerlikte lewe en liggaam as wat 'n boer oor sy toekomstige oes het.

4. Die inpas in die plante tuin

In die laaste punt wil ons te midde van al die kontraste wat Paulus so graag gebruik, kyk na die kontinuïteit wat geopenbaar word in ons teksgedeelte. Soos ons reeds gesê het skemer dit al vroeg in ons teksgedeelte deur. Al in vers

38 is saadsoort en eie gestalte. in vers 39 word van die vleis van menslike, diere, voëls en visse se liggeme gepraat. En die klem val op die uniekheid van elk, maar ook die konitnuïteit in spesie en omgewing. Met ander woorde vis vleis is altyd vis vleis ongeag die vis. En vis vleis is aangepas om te leef en oorleef waar visse is, naamlik in die water.

Dit is dan hierdie vergelyking wat Paulus ook deur trek na die liggaam. Die aardse liggaam is aangepas om hier op aarde te leef. En natuurlik weens die gebrokenheid na die sondeval het hierdie aardse liggaam sy sonde en swakheid. En daarom sal dit nie geskik wees vir die hemel waar daar, in die teenwoordigheid van God geen sonde en gebrokenheid is nie. Dus word hierdie aardse liggaam opgewek as 'n geestelike liggaam in die hemel volgens vers 44.

Terug by die saad en saai metafoor, kan ons dit vergelyk met 'n netjies saailand of tuin. Wanneer daar gesaai word of geplant word in 'n tuin word soort by soort geplant. Want behalwe vir die estetika aan die eindprodukt, is daar oor omgewingsfaktore. Sekere plante sal nie in sekere areas oorleef nie, dit sal nie net sleg lyk nie, maar doodgaan. Ons liggaam wat as onverganklike saad dien, is bedoel om verheerlik in die hemel te leef. Daarom kan ons al vandag die hoop hê, dat ons in die tuin van die hemelse plante sal inpas. Ja, al leef ons steeds vandag in die land, waar die vyand in die nag die onkruid tussen die koring kom saai het volgens Mattheus 13:25.

5. Slot

Ons kan afsluit deur te vra of u nou met hoop hiervandaan gaan? Ervaar ons die hoop in die gedagte dat die dood nie die laaste sê het nie. En dit is nie net waar van die lewe van die gelowige nie, maar ook sy liggaam soos ons in die teks gesien het. Juis daarom verkies ons steeds uit 'n belydenis oogpunt om die liggeme van afgesterwe broers en susters in gemeente eerder te begrawe as te veras.

Want soos ons gesien het, het Christus juis die begrafnis kom verander in 'n saai geleentheid. En daarom is 'n fisiese begrafnis, waar 'n liggaam in die grond begrawe word vir ons die belydenis van hierdie waarheid. Dit is vir ons die hoopvolle vashou aan die woorde van Christus in Johannes 5: 28-29 waar Hy sê: “²⁸Moenie hieroor verbaas wees nie: daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor ²⁹en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word.” 'n

Boodskap wat Christus ook bevestig het met Sy eie opstanding en opvaar na die hemel.

Terug by die vraag oor hoop. Ek hoop U kan vanoggend saam met Paulus uitroep: “Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.” ⁵⁵“Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?” Die wete van hoop waarmee ons ook hiervandaan uitmekaar gaan.

Amen